15 Augustus 2010

Teks: 1 Sam 21:11-22:5.

Tema: Is jy ook soms bang?

Sb 1-2:1

Prys Hom, die Hemelvors,

op sy verhewe troon,

loof Hom aan Wie die hemelkoor

hul hulde steeds betoon.

Aan Hom, die Skepperheer,

kom toe die eer en mag.

Sy Woord het alles voortgebring,

roem ewig sy gesag.

Sb 1-2:3

Lof, eer en heerlikheid,

die wysheid en die krag

behoort aan God daar op die troon

en aan die Lam, geslag.

Tot in die ewigheid

sal ons die lied laat hoor;

die hele skepping oraloor roep

"Amen" in 'n koor.

Lied 205:1

Bring lof aan die Vader,

verheerlik die Seun,

vir liefde, genade,

verlossing en steun -

L 205:1 (vervolg)

dat elkeen wat glo

nie verlore mag gaan

maar ewig voor Hom

as verloste kan staan.

Loof die Heer, loof die Heer -

sing, gelowiges, saam!

Loof die Heer, loof die Heer -

prys sy heilige Naam!

L 205:1 (vervolg)

Hy kom uit genade

ons sondes versoen

dat ons Hom vrymoedig

ons Vader kan noem.

L 205:2

Ons lof aan die Skepper

wat altyd getrou

sy kerk hier bewaar,

dit vernuwe en bou -

L 205:2 (vervolg)

ons bly inspireer

en ons stuur deur sy Gees

om sout en om lig

vir die wêreld te wees.

Loof die Heer, loof die Heer -

sing, gelowiges, saam!

Loof die Heer, loof die Heer -

prys sy heilige Naam!

L 205:2 (vervolg)

Hy kom uit genade

ons sondes versoen

dat ons Hom vrymoedig

ons Vader kan noem.

Sb 14-2

Al sou dan ook

die vyeboom nie bot nie,

al sou die wingerd sonder druiwe staan;

die graan verdor,

die vrugteboorde wegkwyn,

die beeste, kleinvee, alles hier vergaan -

<u>Sb 14-2</u> (vervolg)

Nog sal ek juig

en bly wees in my God!

Hy is my hulp, Hy gee my krag.

Hy laat my loop

waar rats die ribbok gaan;

Hy laat my vas en veilig staan

15 Augustus 2010

Teks: 1 Sam 21:11-22:5.

Tema: Is jy ook soms bang?

Ps 20 : 2

Mag Hy sy heil en bystand stuur
uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun,
van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 4

Mag Hy, die ryke God, u gee
al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam -
mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Votum en
Groetseën

<u>Psalm 145:1</u> (Staan) Almal

U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid,

wil ek verhef vir ewig en altyd;

u Konings-eer wat alle krone oorstraal,

wil ek verhoog in onvermoeide taal.

Psalm 145:2 Susters

Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid

wat ooit sy lof in volle waarde uit!

Dit is 'n see waar niemand in kan meet,

dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

<u>Psalm 145:4</u> Almal

Die skitterglans wat uit u majesteit

u wonderwerk bestraal met heerlikheid,

gedugte krag wat ons van angs laat vrees,

u grootheid, HEER - dit sal my lofsang wees.

Psalm 145:5 Broers

Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink

en vir u heil die jubels op laat klink:

genadig, goed, lankmoedig soos weleer,

barmhartig en 'n redder is die HEER.

<u>Psalm 145:12</u> Almal

Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...

Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!

Laat alle vlees vir ewig en altyd

sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!

GELOOFSBELYDENIS (Staan)

Ek glo in God die Vader,

ek glo in Jesus Christus

en ek glo in die Heilige Gees

Sb 12-3:1 (Staan)

Enigste Here, enkele Wese,

ons glo in U met ons hele hart.

Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:

U is vir ewig God en Heer.

Sb 12-3:2

U, onbegryplik, U is onsienlik,

altyd dieselfde, oneindig groot.

U is almagtig, wys en regverdig,

U is die bron van alle goed.

Sb 12-3:3

Ons eer U, Vader, U is vol liefde;

Ons eer U, Jesus, ons Heiland, Heer;

Ons eer U, Heil'ge Gees, U maak ons lewe nuut;

Drie-enig God, aan U ons eer!

Amen, Amen, Amen

Die wet van die Here



Verootmoedigingsdiens

Mar 12:28 Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan. Toe hy sien dat Jesus hulle ‘n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: "Wat is die heel grootste gebod?"
29 Jesus antwoord hom: "Die eerste is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here.
30 Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’
31 Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie."
32 "Pragtig, Meneer!" sê die skrifgeleerde vir Hom. "Dit is waar wat u gesê het: ‘Die Here is die enigste God,’ en ‘daar is geen ander God as Hy nie.’
33 En ‘om Hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele denke en met al jou krag’ en ‘om jou naaste lief te hê soos jouself’ is van meer belang as al die brandoffers en ander diereoffers."

1Jh 4:7 Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is ‘n kind van God en ken God. 8 Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. 9 Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. 11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. 12 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. 13 Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. 14 En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. 15 Wie bely dat Jesus die Seun van God is-God bly in hom en hy in God. 16 En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.

<u>Sb 9-3:2</u> (Staan)

Liefde doen aan niemand kwaad nie

dis vervulling van die Wet.

Dié gebod mag ons nie laat nie,

maar met ywer daarop let.

Ons weet, ver is reeds die nag;

ken die tydsomstandighede

weldra breek die volle dag.

Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Gebed

(sit)

Woord- en gebedsdiens

1Sam 21:11 Akis se amptenare het vir hom gesê: "Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Sing hulle nie vir hom in koordanse nie: Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende!"
12 Toe Dawid besef wat hulle sê, het hy baie bang geword vir koning Akis van Gat.
13 Daarom het Dawid hom voor die Filistyne waansinnig gehou, en terwyl hy by hulle was, het hy hom soos ‘n mal mens gedra. Hy het teen die deure van die poort gekrap en sy spoeg in sy baard laat afloop.
14 Akis het vir sy amptenare gesê: "Julle kan mos sien die man is mal. Waarom bring julle hom na my toe?
15 Het ek behoefte aan mal mense dat julle hierdie een na my toe bring om by my mal te wees? Moet hy in my huis inkom?"

1Sam 22:1 Dawid het daarvandaan weggegaan en ontsnap na die Adullamgrot toe. Sy broers en sy hele familie het dit gehoor en daarheen gegaan na hom toe.
2 Verder het elkeen wat in die moeilikheid was, en elkeen wat ‘n skuldeiser gehad het, en elkeen wat verbitterd was, by hom aangesluit, en hy het hulle leier geword. Daar was ongeveer vier honderd man by hom.
3 Daarvandaan het Dawid na Mispe in Moab toe gegaan en vir die koning van Moab gevra: "Laat my ouers tog uitkom na u toe totdat ek weet wat God aan my sal doen."
4 Dawid het hulle toe in die sorg van die koning van Moab gelaat. Hulle het by hom gebly so lank as Dawid in die bergskuiling was.
5 Maar die profeet Gad het vir Dawid gesê: "Jy mag nie in die skuiling bly nie. Trek weg en gaan na Juda toe." Dawid het toe na die Geretbos toe gegaan.

<u>Psalm 107:1</u> (Sit)

Loof God, omdat Hy goed is,
en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is,
verlos is uit ellend;
wat God uit elke land
in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband,
waarmee hul hom geknel het.

Kinders twee jaar voor skool gaan
saam met Hannelie Bosch
vir ‘n les wat aansluit by die preek

Psalm 107:3

Hy het hul matte skrede
gelei op regte baan
om tot bewoonde stede
met blydskap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.

Prediking

<u>Sb 10-2</u> (Staan)

Ons Vader wat woon in die hemel,

geheilig sy u Naam,

laat u ryk kom, u wil geskied,

soos in die hemel so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons dag se brood

en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe

die wat teen ons sondig.

<u>Sb 10-2</u> (vervolg)

Laat kom ons nie in die versoeking;

maar verlos ons van die Bose.

Van U is die ryk en die sterkte en die ere,

vir ewig en ewig, amen

vir ewig en ewig, amen.

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

Belydenisaflegging

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Nagmaalsformulier

Psalm 23:3 (Sit)

U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae;
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Bediening van die Heilige Nagmaal

<u>Sb 18-6:1</u> (Sit)

Ek sien 'n nuwe hemel kom,

'n aarde nuut en vry.

Die see en al wat skei, verdwyn.

God self kom by ons bly.

Sb 18-6:2

Die nuwe stad, Jerusalem,

daal uit die hemel neer;

skoon soos 'n bruid in heerlikheid -

geliefde van die Heer.

Sb 18-6:3

Die Heer droog al die trane af,

verby is droefheid, dood.

Ja, pyn en smart wyk uit die hart -

ons moeite, angs en nood.

Sb 18-6:4

"Kyk, Ek maak alles nuut", sê God.

"Laat hom wat dors het, kom.

En hy sal vind hy is my kind;

Ek is 'n Gód vir hom!"

Sb 18-6:5

Oorwinnaars sal ons alles erf

en drink uit die fontein

van lewenswater, heerlik, rein.

En God sal oor ons skyn.

Wegstuurseën
Amen Amen Amen